REGLEMENT 19

REGLEMENT VIR GEKOPPELDE PREDIKANTSPOS

1. AARD

1.1 ’n Gekoppelde predikantspos is 'n pos waar 'n NG Kerk predikant buite die konteks van 'n gemeente werk verrig, maar steeds as deel van die kerkverband wil funksioneer. Hierdie werk geskied tipies binne die kerkverband, of het 'n kerklike karakter, of moet voldoen aan posvereistes wat slegs deur 'n predikant gevul kan word. Dit sluit in predikante in sinodale diens, kerklike dosente, kapelane, predikante in nie-regeringsorganisasies, die Bybelgenootskap ens.

1.2 ’n Gekoppelde pos is ’n pos in 'n gemeente waar geen diensvoordele, vergoeding of kompensasie vir dienste, diensooreenkoms en pligtestaat van toepassing is nie.

1.3 'n Gekoppelde pos kan slegs geskep word vir iemand wie se beroep dit vereis dat hy/sy oor predikantsbevoegdheid beskik en kan daarom nie geskep word om die bevoegdheid van predikant te verkry of te behou nie, of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie.

2. SKEP EN VUL VAN DIE POS

2.1 Indien 'n predikant aan 'n gemeente gekoppel wil word, nader hy/sy die kerkraad in oorleg met sy werkgewer.

2.2 Die kerkraad besluit om 'n gekoppelde pos te skep en rig 'n versoek, met 'n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde vir goedkeuring.

2.3 Nadat goedkeuring van die ring ontvang is, formaliseer die kerkraad die pos deur:

2.3.1 die naam van die persoon vir approbasie aan die gemeente voor te hou;

2.3.2 die persoon te bevestig in die amp, met 'n opdrag wat verband hou met die beroep/bediening wat hy/sy beoefen;

2.3.3 'n ooreenkoms op te rig wat die verhouding tussen die gekoppelde predikant en die kerkraad beskryf.

2.4 Hierdie ooreenkoms bevat minstens die volgende bepalings:

2.4.1 geen pligte word aan die persoon opgedra nie, behalwe as anders ooreengekom;

2.4.2 geen vergoeding of kompensasie van enige aard is ter sprake nie, behalwe waar anders ooreengekom;

2.4.3 die gekoppelde pos termineer wanneer die persoon nie meer die pos van sy/haar beroep vul nie.

2.5 By die skep van ’n gekoppelde pos in die kerkverband, sien die betrokke kerkvergadering toe dat aan die toepaslike vereiste van hierdie reglement voldoen word.

2.6 Bevestiging van die gekoppelde predikant geskied na oorlegpleging tussen die kerklike liggaam (byvoorbeeld kuratorium/sinode) en die gemeente.

2.7 Gekoppelde predikante, wat insluit kerklike dosente, staan onder die opsig en tug van die ring sonder om die opsig van die kerklike liggaam in wie se diens hy/sy is uit te sluit.

3. VERHOUDING EN FUNKSIE

3.1 Die gekoppelde predikant is *ex-officio* deel van die kerkraad. Na gelang van omstandighede kan 'n kerkraad besluit of hy/sy volle lid van die kerkraad is of net adviserend.

3.2 ’n Predikant in ’n gekoppelde pos wat volle lid van 'n kerkraad is, kan, maar hoef nie na meerdere vergaderings afgevaardig te word nie.

4. DIENSBEËINDIGING

4.1 ’n Predikant in ’n gekoppelde pos tree by aanvaarding van ’n beroep of by bereiking van die normale aftree-ouderdom uit diens van die gemeente/kerkverband.

4.2 Wanneer die verhouding met die primêre werkgewer beëindig word, word die koppeling met gemeente beëindig.

4.3 By diensbeëindiging/aanvaarding van emeritaat, stel die kerkvergadering die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis.